# Rustenburg Gemeenskapskerk

**12 JUNIE 2022**

Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

## Hartlik welkom aan:

-Almal vandag by die Kerk
-Nuwe lidmate
-Besoekers

## Belangrike datums

12 Junie: Bybelskool om 10h15
19 Junie: Vadersdag

## Wees gelukkig in elke seisoen

*Elke ding het sy vasgestelde tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: "daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek, … 'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak, 'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi … Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei? Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou. God het elke ding gemaak dat dit pas op 'n bepaalde tyd* "(Prediker 3:1 – 2; 6; 9 – 11) Dit gaan hier oor die verskillende seisoene in ons lewens. Die seisoene gaan aan, of ons nou daarvan hou of nie. Ons kan op hierdie veranderende seisoene op een van twee maniere reageer;

- Ons kan alles as onsinnigheid sien en daarvan vergeet. Dit sal tot ontnugtering lei, of
- Ons kan dit aanvaar en dit ten beste gebruik. Dit sal tot blydskap lei.

Dit vereis wysheid om die veranderende seisoene van die lewe te aanvaar. Dwase weerstaan die proses en probeer aan een seisoen vasklou. Dit is die dwaas wat aan sy jeug vasklou en verou-dering weerstaan. Ek moet fokus op die nuwe hoofstuk in my lewe wat God aan my gegee het. Daar is ook 'n tyd om jou verlede te los. Kyk net na al die plekke wat opgerig word waar mense hulle oortollige dinge kan stoor. Hoekom? Die oorvloedige lewe berus nie op oorvloedige besittings nie. Daar is ook 'n tyd om groot te word. Van ons jongmense probeer adolessente bly – sonder enige verantwoordelikhede, partytjies elke aand, tree op soos selfgesentreerd kinders en word nog deur hulle ouers versorg. Sny die naelstring en aanvaar verantwoordelikheid. Jou kinderjare is veronder-stel om vol vreugde te wees, maar daar is 'n tyd om volwasse te word. Ja, dit is vol uitdagings, maar ook vol geleenthede en vreugdes.

Daar is ook 'n tyd om jou van sekere mense los te maak. Dit mag 'n romantiese verhouding wees wat nie so lank geduur het soos jy verwag het nie. Om oor 'n verlies te rou is goed en toepaslik, maar God het 'n hele lewe voor jou. Vreugde lê nie in die verlede nie, maar in die hede met alles wat God vir jou beplan.

God het seisoene in ons lewens bepaal. Soms verwelkom ons die verandering en soms weerstaan ons dit. Wysheid aanvaar elke seisoen en laat God toe om vir ons te wys hoe ons dit kan geniet. Ons ken immers die Skrywer wat elke reël van elke hoofstuk skryf.

## i - toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / E-posse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke

## Verjaarsdae 12-18 Junie 2022

15-Riana Erasmus
16-Morné Pieterse
18-Jacques Coetzee, Retha Nel
Reinardt Lourens, Wennie vd Walt

## Teebeurte

12 Junie - Wyk 12
19 Junie - Vrywilligers

## Ma Ans se Broccoli sop

Bestanddele: Aartappels, Broccoli, Melk, Gesnipperde Spek, Fetakaas Sout en gemaalde peper na smaak Gebruik ongeveer dieselfde hoeveelheid aartappels en broccoli. Skil die aartappels en sny die aartappels en broccoli in stukkies. Kook die aartappels en broccoli in water en sout na smaak tot alles papgekook het en maak fyn met 'n "stick blender". Gooi melk by die mengsel tot dit vir jou die regte dikte is. Voeg nog sout by as dit nodig is en gemaalde swart peper. Terwyl die aartappels en broccoli kook, braai 'n pakkie gesnipperde spek in 'n pan tot lekker bros. Sny ook so een of twee wieletjies fetakaas in klein blokkies. Voeg die spek en kaas by die groente en laat deurkook op 'n lae hitte, want dit brand nogal maklik aan. Jy kan ook van die melk met room vervang, of met die opdien bietjie room bo-oor gooi vir die mooi.

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ **EFT**
☑ **Stoporder**

**Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid**

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Die Kerk betaal ook vir produkte

Dink asb daaraan dat die RGK óók die ekstra myl loop. Ons skoonmaakprojek, droogtehulp, kos vir behoeftiges, uitreik na kinderhuise en betrokkenheid by welsynswerk, kos ons geld. Dankie vir almal wat help! Kom ons laat die Kerk vorentoe beur.

## Bid vir ons lidmate

- Riëtte Mc Donald
- Daan Dercksen
- Kyle Denton
- Ivy Swart
- Peet Dique
- Kobus Haywood
- Alwyn Barnard
- Zander Kleinsmit
- Magda Hamman
- Isabel Mc Donald
- Amanda White

## Eiebase-kuier

Woensdag 15 Junie om 09h30 by RHS se Den.
Kontak asb vir Alet Visser by 082 398 0606 vir meer inligting